

## Assessering van die houtagtige komponent (bome en struie)

Die bogenoemde metodes van assessering fokus hoofsaaklik op die kruidagtige deel van die plantegroei (hoofsaaklik grasse).

In baie streke vorm die houtagtige komponent (bome en struie) 'n beduidende deel van voerproduksie vir blaarvreters. In savannestroke met 'n gebalanseerde gras:boom-verhouding, dra houtagtiges sowat 'n kwart tot die helfte van die beskikbare voer by. Assessering van houtagtiges in sulke gebiede is dus belangrik, spesifiek om die beskikbare blaarvoer en boomdigtheid te bereken en om enige verandering in dié faktore met verloop van tyd te monitor.

**Beskikbare blaarvoer verwys na die blare, takkies, bas, blomme en peule binne bereik van blaarvreters.**

Assessering van die houtagtige komponent vir blaarvreters is meer kompleks as dié van die kruidagtige deel. Dit is hoofsaaklik weens fenologiese verskille tussen bome (bv. immergroen vs. bladwisselend), wisselende hoogteverspreiding van blaarmateriaal en die seisoenale beskikbaarheid van hoogs voedsame dele soos peule (saad) en blomme.

Insluiting van die verskillende blaarvreters en hul weihoogtes in die assessering is ook bykomend in vergelyking met 'n assessering van grasweiveld. Twee metodes vir assessering van die houtagtige komponent word beskryf.

### BECVOL-model

BECVOL (Biomass Estimates from Canopy VOLUME) is 'n gerekenariseerde model vir die beskrywing van blaarproduksie van houtagtige plantgemeenskappe op 'n eiendom. Dit verskaf skattings van die werklike blaarvolume en blaarmassa van individuele bome en van 'n hele bevolking. Dié model, opgestel deur prof. Nico Smit, met volledige instruksies, is beskikbaar van die Departement Dier-, Wildlewe- en Grasveldwetenskappe van die Universiteit van die Vrystaat.

## Assessering van houtagtige spesies op 'n transek


Met hierdie metode, gebaseer op die metode beskryf deur Danckwerts & Teague (1989), word data oor spesiegetalle van bome en struie, die grootte van die plante en die volume van die krone ingesamel.

Hierdie data word dan gebruik om die volgende te bepaal:

- **Boomekwivalente (BE)** – Een boomekwivalent is 'n boom 1.5 m hoog.
- **Blaarbeweidingseenhede (BBE)** – Blaarbeweidingseenhede, ook bekend as totale benutbare blaarvolume, word verder gebruik om die blaarbeweidingskapasiteit van 'n kamp of plaas te bepaal.
- **Addisionele inligting** – Addisionele inligting oor plantspesiesamestelling en die digtheid van bome en struie (alle groottes) word ook verkry.

### Insameling van data

'n Transek word gebruik om data in te samel – 'n 100 m-maatband (of tou of ketting) word reguit neergelê. 'n Staaf (bv. aluminium) 2 m lank word dan oor die middel van die maatband gedra, met 1 m van die staaf aan weerskante van die band. Die grootte van die perseel



**Figuur 4.54** 'n Kwadraat van 100 × 2 m vir insameling van data oor houtagtige spesies.